SIMMENTALER & SIMBRA
Beestelersgenootskap van Suidelike Afrika
Cattle Breeders' Society of Southern Africa

1 Genius Loci Office Park • 6 CP Hoogenhout Street
Langenhoven Park • Bloemfontein
Private Bag X 7002 • Langenhovenpark • 9330
Tel: +27(0) 51 446 0580/2 • Fax: +27(0) 51 446 0455
E-mail: info@simmentaler.org
www.simmentaler.org • www.simbra.org

22 Oktober 2018 / 22 October 2018

# OKTOBER NUUSBRIEF
# OCTOBER NEWSLETTER

## 1. KANTOOR SAKE

### 1.1 PERSONEEL

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat die volgende dames in Lisa Verwey en Benita Loftus se posisies aangestel is:

**Anienke van Rooyen** – het alreeds 15 Oktober 2018 begin as data analis.

Anienke is 28 jaar oud en is gebore en getoë in Bloemfontein. Sy het gematrikuleer by Fichardtpark Hoërskool.

Sy is op 23 Junie 2018 met Ruan van Rooyen getroud.

Sy is opgewonde om by ons Genootskap aan te sluit en sien uit om saam met die telers te werk.

**Adrie Pritchard** – begin 1 November 2018 as finansiële assistent.

## 1. OFFICE MATTERS

### 1.1 STAFF

We are pleased to inform you that the following ladies have been appointed in Lisa Verwey and Benita Loftus positions:

**Anienke van Rooyen** – started 15 October 2018 as data analyst.

Anienke is 28 years old and she is born and bred in Bloemfontein. She matriculated at Fichardtpark High School.

She married Ruan van Rooyen on 23 June 2018.

She is excited to join our Society and is looking forward to working with the members.

**Adrie Pritchard** – starts 1 November 2018 as financial assistant.

## 1.2 DATA DAMES

Ons bevestig dan net ook wie die data dame vir ons telers is (volgens lidmaatskap naam):

**Telers** **Data dame** **E-pos adres**

**A – B, M, V – Z** Marguerite Fouche

marguerite@simmentaler.org &

marguerite@simbra.org

Marguerite se kontak nommer is 079 503 8100

**C – L** Anienke van Rooyen

anienke@simmentaler.org & anienke@simbra.org

**N – U** Chantel Viljoen

chantel@simmentaler.org & chantel@simbra.org

**BGP telers** Amari Bornman

amari@simmentaler.org & amari@simbra.org

## 1.3 KUDDELYSTE

Die kuddelyste wat jaarliks aan elke teler gestuur word, gaan vanjaar op Maandag 19 November 2018 per e-pos aan u gestuur word. U gaan die volgende 3 aparte e-posse ontvang:

1 – die 2019 heffing skrywe;

2 – die kuddelys in PDF formaat, vir kontrole;

3 – die uitstaande navraelys in PDF formaat, indien daar enige uitstaande geboortenavrae is;

Hierdie inligting sal gepos word aan diegene wat nie 'n e-pos adres het nie.

Die sluitinsdatum vir die die terugstuur van die kuddelyste na die kantoor is voor of op Sondag 10 Februarie 2019. U samewerking word hoop op prys gestel.

## 1.2 DATA LADIES

We would also like to confirm the data ladies for our breeders (according to membership name):

**Members** **Data lady** **E-mail address**

**A – B, M, V – Z** Marguerite Fouche

marguerite@simmentaler.org &

marguerite@simbra.org

Contact number for Marguerite is 079 503 8100

**C – L** Anienke van Rooyen

anienke@simmentaler.org & anienke@simbra.org

**N – U** Chantel Viljoen

chantel@simmentaler.org & chantel@simbra.org

**BGP members** Amari Bornman

amari@simmentaler.org & amari@simbra.org

## 1.3 HERD LISTS

The herd lists which are send annually to each member, will be e-mailed on Monday 19 November 2018. You will receive the following 3 separate e-mails:

1 – the 2019 levy letter;

2 – the herd list in PDF format;

3 – the outstanding queries in PDF format, should you have any outstanding birth queries.

This information will be posted for those members that do not have an e-mail address.

The closing date for the return of the herd lists to the office are Sunday 10 February 2019. Your cooperation is highly appreciated.

## 2. SIMMENTALER SAKE

### 2.1 GOEIE NUUS

Tydens **Alfa** te Parys het die Simmentaler ras goed presteer.

**Molatek Hoëveld slagoskompetisie:**

'n Simmentaler os van J H Dannhauser het eerste plek ontvang. Baie geluk aan J H Dannhauser van Doe-Volente Simmentalers.

**Interras kampioenskap**

Simmentaler koei Taaibosspruit Dipsie PJO1265 is as die Interras kampioen aangewys. Baie geluk aan Chris & Pieter Oelofse.

### 2.2 NASIONALE VEILING RESULTATE

Ons opregte dank en waardering aan die telers wie diere tydens die veiling aangebied het.

**Bulle 18/11** Gem R54 909 & HP R130 000

Baie geluk aan die verkoper André Ellis en die koper Leon Becker & Seuns met die aankope van E1335, Erico Rolbal vir R130 000.00

**Koei + kalf 1/1** Gem R28 000 & HP R28 000

Baie geluk aan die verkoper André Ellis en die koper Martiens de Jager met die aankope van ICS169, Veldsim Imke.

**Dragtige verse 9/8** Gem R19 875 & HP R25 000

Baie geluk aan die verkoper Peter Abrahamse en die koper Werner Stander met die aankope van AB1686, Rivervalley Regina vir R25 000.00

## 2. SIMMENTALER MATTERS

### 2.1 GOOD NEWS

The Simmentaler breed performed well during **Alfa** at Parys.

**Moletak Hoëveld slaughter ox competition:**

A Simmentaler ox of J H Dannhauser received first place. Congratulations to J H Dannhauser for Deo-Volente Simmentalers.

**Interbreed championship**

The Simmentaler cow Taaibosspruit Dipsie PJO1265 was crowned as the Interbreed champion. Congratulations to Chris & Pieter Oelofse.

### 2.2 NATIONAL AUCTION RESULTS

Our sincere thanks and appreciation to the breeder who had animals on offer at the auction.

**Bulls 18/11** Ave R54 909 & HP R130 000

Congratulations to the seller André Ellis and the buyer Leon Becker & Seuns with the purchase of E1335, Erico Rolbal for R130 000.00

**Cow + calf 1/1** Ave R28 000 & HP R28 000

Congratulations to the seller André Ellis and the buyer Martiens de Jager with the purchase of ICS169, Veldsim Imke.

**Pregnant heifers 9/8** Ave R19 875 & HP R25 000

Congratulations to the seller Peter Abrahamse and the buyer Werner Stander with the purchase of AB1686, Rivervalley Regina vir R25 000.00

**2.3 WINDHOEK SKOU**

Baie geluk aan al die vertoners en wenners wie tydens die 125ste bestaansjaar van die Simmentalers aan die Windhoek skou deelgeneem het. Resultate sal binnekort op die webtuiste beskikbaar wees.

**2.3 WINDHOEK SHOW**

Congratulations to the exhibitors and the winners who participated at the 125th anniversary of the Simmentalers at the Windhoek show. Results will soon be available on the website.

**2.4 JOERNAAL**

Tans word die Simmentaler Joernaal saamgestel en sal gedurende Desember 2018 beskikbaar wees.

**2.4 JOURNAL**

Currently the Simmentaler Journal is being compiled and will be available during December 2018.

**2.4 ALDAM VLEISBEES SKOOL**

Baie dankie aan Willem Botha van Tendele Simmentalers wat diere ten toon gestel het by Aldam. Mnr. Martin Seyffredt, Interras Beoordelaar, het goeie kommentaar gelewer oor die bees.

Baie geluk aan die volgende wenners wat pryse gewen het:

Koeigroep van die Jaar: Tendele Simmentalers, Willem Botha

Jong bul van die Jaar: Tendele Simmentalers, Willem Botha

Beproefde bul van die Jaar: Enonotech, Dr. Petrus du Toit

Skoubul van die Jaar: Koelfontein Bdy, Handri Conradie

**2.4 ALDAM STOCKMANSCHOOL**

A word of thanks to Willem Botha from Tendele Simmentalers who showed animals at Aldam. Mr. Martin Seyffredt, Interbreed judge had good comments about the animals.

Congratulations to the following winners who received prizes:

Cow group of the Year: Tendele Simmentalers, Willem Botha

Young bull of the Year: Tendele Simmentalers, Willem Botha

Proven bull of the Year: Enonotech, Dr. Petrus du Toit

Show bull of the Year: Koelfontein Bdy, Handri Conradie

**2.5 HOOGLAND STUDIEGROEP JONGBUL DAG 19 JANUARIE 2019**

Die eerste jongbul dag wat 2 Desember 2017 aangebied was, was baie suksesvol. Ons wil u nou al aanmoedig om 2017 gebore bulle voor te berei. Vir meer inligting kontak gerus vir Niel van Heerden 072 207 1600 & Rick Dell 084 4000 570.

**2.5 HOOGLAND STUDY GROUP YOUNG BULL DAY 19 JANUARY 2019**

The first young bull day which took place 2 December2017 was very successful. We would like to encourage you to prepare 2017 born bulls. For more information please contact Niel van Heerden 072 207 1600 & Rick Dell 084 4000 570.

## 3. SIMBRA SAKE

### 3.1 GOEIE NUUS

Tydens **Alfa** te Parys het die Simbra ras goed presteer.

**Interras slagoskompetisie (individuele klas):**
'n Simbra-os van Brasim Simbras het eerste plek ontvang.

**Interras slagoskompetisie (groep klas):**
Die groep van 4 van Brasim Simbras het eerste plek ontvang.

Baie geluk aan Willie Lubbe & Kobie Doman van Brasim Simbras vir die eerste plekke in albei klasse.

### 3.2 BOSBERAAD

10 & 11 Oktober 2018 was 'n Bosberaad te Brasim gehou wat deur Raseksaminatore bygewoon was. Dit was opbouende met nuwe vars gedagtes. Terugvoering sal gegee word op die Inligtingsdae 7 & 8 November.

Ons bedank Willie Lubbe & Kobie Doman vir hul gasvryheid, hul fasiliteite en diere.

### 3.3 INLIGTINGSDAE 7 & 8 NOV. 2018 TE ROTSWAND, WINBURG

Moenie die twee dae misloop nie, daar gaan te veel lekker dinge gebeur. Indien u bederf wil word bespreek onmiddellik u plek. Bring u buurman en enige belangstellendes saam. Kostes beloop R100.00 per persoon. Bespreek u plek by Antoinette (info@simbra.org) voor 25 Oktober 2018. Akkommodasie beskikbaar te Bosch Rand Game Lodge: www.boschrandlodge.co.za

## 3. SIMBRA MATTERS

### 3.1 GOOD NEWS

The Simbra breed performed well during **Alfa** at Parys.

**Interbreed slaughter ox competition (individual class):**
The Simbra ox of Brasim Simbras received first place.

**Interbreed slaughter ox competition (group class):**
A group of 4 of Brasim Simbras received first place.

Congratulations to Willie Lubbe & Kobie Doman from Brasim Simbras for receiving first place in both classes.

### 3.2 BOSBERAAD

10 & 11 October 2018 a "Bosberaad" took place at Brasim which were attended by the Breed Examiners. It was constructive with new fresh ideas. Feed back will be given during the Information days 7 & 8 November.

We thank Willie Lubbe & Kobie Doman for their hospitality, facilities and animals.

### 3.3 INFORMATION DAYS 7 & 8 NOV. 2018 AT ROTSWAND, WINBURG

Do not miss these two days, to many good things are going to take place. If you would like to be spoiled, book your place immediately. Invite your neighbor and anybody interested. Cost per person R100.00. RSVP by Antoinette (info@simbra.org) before 25 October 2018. Accommodation available at Bosch Rand Game Lodge: www.boschrandlodge.co.za

### 3.4 NASIONALE VEILING RESULTATE

Ons opregte dank en waardering aan die telers wie diere tydens die veiling aangebied het.

**Bulle 27/23** Gem R67 804 & HP R200 000

Baie geluk aan die verkoper Kobus Bester en die koper Joël Lutge met die aankope van VBG1628C, Vleisberg Dollars vir R200 000.00

**Dragtige verse 3/3** Gem R23 000 & HP R25 000

Baie geluk aan die verkoper Foeta Louwrens en die koper Johan Dippenaar met die aankope van CPL15136C vir R25 000.00

### 3.5 WINDHOEK SKOU

Baie geluk aan al die vertoners en wenners wie aan een van die grootste skoue in jare, aan die Windhoek skou deelgeneem het. Resultate sal binnekort op die webtuiste beskikbaar wees.

### 3.6 L.N.R. PLATINUM TOEKENNING

Baie geluk aan Hennie Viljoen van Vlensburg Simmentaler & Simbra met die L.N.R. platinum toekenning vir die bul VLB16327C. Daar word jaarliks een platinum toekenning per ras deur die L.N.R. oorhandig. Die bul het goue meriete verkry tydens die Fase C toets te Irene met 'n GDT indeks van 128, 'n VOV indeks van 120 met 'n RFI van -1.376. Diere met 'n negatiewe RFI is meer doeltreffende voeromsetters. Deel van die toekenning word ook bepaal deur die ma van die bul se vrugbaarheid. Sy het die eerste keer op 24 maande gekalf en het 9 kalwers gehad met 'n TKP van 368 dae.

### 3.4 NATIONAL AUCTION RESULTS

Our sincere thanks and appreciation to the breeder who had animals on offer at the auction.

**Bulle 27/23** Gem R67 804 & HP R200 000

Congratulations to Kobus Bester and the buyer Joël Lutge with the purchase of VBG1628C, Vleisberg Dollars for R200 000.00

**Dragtige verse 3/3** Gem R23 000 & HP R25 000

Congratulations to Foeta Louwrens and the buyer Johan Dippenaar with the purchase of CPL15136C for R25 000.00

### 3.5 WINDHOEK SHOW

Congratulations to the exhibitors and the winners who participated in one of the largest shows in years, at the Windhoek show. Results will soon be available on the website.

### 3.6 ARC PLATINUM AWARD

Congratulations to Hennie Viljoen from Vlensburg Simmentaler & Simbra for receiving the ARC platinum award for the bull VLB16327C. Yearly the ARC awards a platinum award per breed. The bull obtained a gold merit during the Phase C test at Irene with a ADG index of 128, FCR index of 120 with a FRI of -1.376. Animals with a negative RFI are the most efficient feeders. Part of this award is determined by the dam of the bulls' fertility. She was 24 months when she had her first calf and has 9 calves with a ICP of 368 days.

**3.7 ALDAM VLEISBEES SKOOL**

Baie dankie aan Llewellyn Angus van Wisp-Will Simbras wat diere ten toon gestel het by Aldam. Mnr. Martin Seyffredt, Interras Beoordelaar, het goeie kommentaar gelewer oor die bees.

Baie geluk aan die volgende wenners wat pryse gewen het:

Koeigroep van die Jaar: Exito Simbra, Karl-Heinz & Sigi Heimstadt

Jong bul van die Jaar: Kamab Simbras, Diethelm Metzger

Beproefde bul van die Jaar: Zarissa Simbras, Nerissa van Niekerk

**3.8 HOOGLAND STUDIEGROEP JONGBUL DAG 19 JANUARIE 2019**

Die eerste jongbul dag wat 2 Desember 2017 aangebied was, was baie suksesvol. Ons wil u nou al aanmoedig om 2017 gebore bulle voor te berei. Vir meer inligting kontak gerus vir Niel van Heerden 072 207 1600 of Rick Dell 084 4000 570.

Daar word beplan om gedurende die naweek 'n Simbra jaarbeplanning bespreking vir 2019 te hou. Dagboek nou al die naweek as 'n Simbra naweek.

**3.9 FOTO KOMPETISIE**

Groot pryse te wen in die Simbra foto kompetisie wat 1 November 2018 afskop en strek tot 28 Februarie 2019.

Maak asseblief gebruik van 'n kamera aangesien goeie pixels benodig word veral as die foto vergroot moet word. Selfoon foto's kan ongelukkig nie aanvaar word nie.

**3.7 ALDAM STOCKMANSCHOOL**

A word of thanks to Llewellyn Angus from Wisp-Will Simbras who showed animals at Aldam. Mr. Martin Seyffredt, Interbreed judge had good comments about the animals.

Congratulations to the following winners who received prizes:

Cow group of the Year: Exito Simbra, Karl-Heinz & Sigi Heimstadt

Young bull of the Year: Kamab Simbras, Diethelm Metzger

Proven bull of the Year: Zarissa Simbras, Nerissa van Niekerk

**3.8 HOOGLAND STUDY GROUP YOUNG BULL DAY 19 JANUARY 2019**

The first young bull day which took place 2 December2017 was very successful. We would like to encourage you to prepare 2017 born bulls. For more information please contact Niel van Heerden 072 207 1600 or Rick Dell 084 4000 570.

We are planning to have a Simbra year planning discussion for 2019 during this weekend. Book this weekend as 'n Simbra weekend.

**3.9 PHOTO COMPETITION**

Win great prizes with the Simbra photo competition which starts on 1 November 2018 and ends 28 February 2019.

Please make use of a camera as good pixels are required, especially if the photo will be enlarged. Mobile phone photos will unfortunately not be accepted.


7/10

### 3.10 SIMBRA WEBTUISTE

Besoek gerus die nuwe webtuiste www.simbra.org

Enige terugvoering is welkom.

### 3.11 SEMEN BESKIKBAAR

Semen van GPC1610C gaan binnekort beskikbaar wees. Baie dankie aan die eienaar Gawie Coetzee.

Die bul was gedurende 2018 as die volgende kampioene aangewys:

Groot & Junior Kampioen te Lichtenburg en Bloemfontein.

Reserwe Groot & Junior Kampioen te Vryburg.

Die bul se vaar is die welbekende Quatro Pro Quinton en sy moeder GPC0937B met 'n TKP van 385 dae oor 7 kalwings. Sy het ook op haar dae verskeie kampioenskappe gewen.

Plaas semen bestellings by Kinnear Geldenhuys by kinnear@simbra.org

### 3.12 RPO TYDSKRIF

Kyk uit vir die jongste RPO Rooivleis tydskrif. Die Simbras straal op die agterblad. Met die volgende RPO tydskrif gaan daar 'n artikel verskyn oor die Simbras se uitstekende karkaseienskappe en die onlangse gewilde interras slagoskompetisie oorwinning by ALFA.

### 3.10 SIMBRA WEBSITE

Please visit the new website www.simbra.org

Any feedback is welcome.

### 3.11 SEMEN AVAILABLE

Semen of the bull GPC1610C will shortly be available. A word of thanks to the owner Gawie Coetzee.

This bull was announced as the follow champions during 2018:

Grand & Junior Champion at Lichtenburg and Bloemfontein.

Reserve Grand & Junior Champion at Vryburg.

His sire is the well known Quatro Pro Quinton and his dam GPC0937B with an ICP of 385 days over 7 calves. She also won several championships in her days.

Place your semen orders at Kinnear Geldenhuys at kinnear@simbra.org

### 3.12 RPO TYDSKRIF (Red Meat Organization Magazine)

Check out the latest "RPO" magazine, the Simbras appears on the back page. With the next edition there is an article about the Simbras excellent carcass features and the interbreed slaughter ox competition victory at ALFA.

**ANDER GENOOTSKAPPE / OTHER SOCIETIES**

Na aanleiding van die toestemming ontvang tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering gehou op 4 November 2009 te Parys is dit vir ons aangenaam om u mee te deel dat die Simmentaler en Simbra Genootskap dienste aan die Braford, Wagyu en Droughtmaster Genootskappe en enige ander Genootskappe mag lewer.

Following the permission received at a Special General Meeting held on 4 November 2009 at Parys we are pleased to inform you that the Simmentaler and Simbra Society may render services to the Braford, Wagyu and Droughtmaster Society's and any other Society.

---

**Nuwe Genootskapsmodel – Elke ras sy eie Raad**

In kort: Ons bly een Genootskap, maar elke ras besluit oor sy eie sake en stel sy eie Raad aan. Die President en Vise-president dien dan op die Genootskap se Ekso Raad.

Hiermee uittreksels van die voorlegging:

- Elke ras selfbeskikking – elke ras het sy eie behoeftes en besluit daaroor.
- Kantoor dien as registrasie owerheid, finansies, administrasie, keuring, ens.
- Doelwit en strategie vir elke ras.
- Eie ras spesifieke begrotings.
- Eie hulpbronne.
- Onafhanklike spesifieke ras bestuur.
- Die Genootskap is 'n lede gedrewe organisasie.
- Simbra telers kies sy eie Raad – 4 lede, 3 x SA en 1 x Namibië. Uit die 4 lede sal 'n president en vise-president verkies word.
- Simmentaler telers kies sy eie Raad – 4 lede, 3 x SA en 1 x Namibië. Uit die 4 lede sal 'n president en vise-president verkies word.
- Genootskap se Raad (ekso Raad) om generiese details van die Genootskap te hanteer, voorstel tans, 2 lede van Simmentaler raad en 2 lede van Simbra raad.
  Baie belangrik – die president en visepresident roteer op 'n jaarlikse basis. Een jaar sal dit 'n Simmentaler president wees en die volgende jaar 'n Simbra president. (Termyn van die raadslid, president en vise-president bly soos dit tans is, naamlik raadslid 2 jaar termyn en die president en visepresident een jaar).
- Telers Rade het die reg om 'n komitee saam te stel.
- Kantoor rapporteer aan die Genootskap Raad (Ekso Raad).
- Kantoor lewer dienste aan ander rasse.

Die voorstel is algemeen en eenparig deur almal in die afsonderlike Simmentaler en Simbra Telersvergadering teenwoordig aanvaar. Geen persoon teenwoordig het teen die voorstel besluit nie.

Die nuwe Genootskapsmodel noodsaak Grondwetlike wysigings en volgens klousule 11.3 van die huidige Grondwet moet die volgende prosedure gevolg word:

1. Daar moet 'n skrywe met 15 handtekeninge aan die Hoofbestuurder/Kantoorbestuurder gerig word waarin die spesifieke punt behoorlik omskryf word.
2. Daarna moet die President van die Genootskap binne 60 dae vanaf skrywe, 'n Spesiale Algemene Vergadering belê, waarin 'n duidelike uiteensetting van die wysigings voorgelê moet word.
3. Die Spesiale Algemene Vergadering moet plaasvind.
4. Na afloop van die Spesiale Algemene Vergadering moet 'n Telersvergadering plaasvind waarop 'n Raad verkies word.

   Ter wille van kontinuïteit het mnre. Hennie Viljoen en Danie van Vuuren aangedui hulle sal aanbly op die huidige Raad en die twee genomineerde lede, mnre. Marius Nel Jnr. en Marius Potgieter sal dien as gekoöpteerde lede, tot ná afloop van hierdie verkiesing. Die beskikbaarheid van die twee uittredende Raadslede en die twee gekoöpteerde Raadslede is algemeen en eenparig deur almal teenwoordig aanvaar. Geen persoon teenwoordig het daarteen besluit nie.

Om so vêr moontlik prakties te handel moet die Spesiale Algemene Vergadering en die twee Telersvergaderings na mekaar plaasvind. 'n Uitgebreide agenda sal saamgestel word vir voldoende voorbereiding deur die telers.

Telers moet nadink of 4 Raadslede (3 x SA en 1 x Namibië) die korrekte aantal lede is, enige voorstelle is welkom. Telers moet oor die verkiesingsprosedure nadink en voorstelle indien.

Die dertien bladsy voorlegging is aangeheg.

# Voorgestelde Genootskapsmodel

- **Redes vir of behoefte aan nuwe model:**

## BLY STEEDS EEN GENOOTSKAP

- **Deel steeds generiese aspekte**
  - Kantoor lewer steeds diens as registrasie owerheid
    - Stamboom rekordhouding
    - Prestasietoetsing
    - Finansies en administrasie
    - Keurings
- **Elke ras beskik en besluit oor eie sake – selfbeskikking**
  - Behoeftes van elke ras verskil
    - Doelwitte
    - Strategieë
    - Bemarkingsaspekte
    - Eie rasspesifieke begroting
    - Eie hulpbronne

- **Onafhanklike Rasspesifieke Bestuur**
  - Bepaal deur lede van daardie ras
  - Gedryf deur lede van daardie ras


Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap
Bates en ander belange
Dienslewering (as registrasie owerheid)
Genootskap se Raad / ExCo
Simmentalertelersraad
Simbratelersraad
Lede van die Genootskap

# Bly steeds 'n lede gedrewe organisasie

**Lede van die Genootskap**

**Simmentaler telers** **Simbra telers**

# Lede verkies op rasspesifieke vergadering hul verteenwoordigers/raadslede

Simmentaler telersraad

Simbra telersraad

**Lede van die Genootskap**

**Simmentaler telers**

**Simbra telers**

# Simbratelersraad

4 lede op die SbTR – 3 van RSA, 1 van Nam

Word verkies op telersvergadering

Lê ras spesifieke begroting voor aan telers met die oog op:

- Bemarking en bevordering van ras
- Rasverbetering – genotipe en fenotipe
- Opleidingsprogramme
  - Telers, kommersiële boere ens.

SbTR het die reg om komitees saam te stel met spesifieke take

SbTR het die reg om persone/instansies te ko-opteer

# Simmentalertelersraad

4 lede op die SiTR – 3 van RSA, 1 van Nam

Word verkies op telersvergadering

Lê ras spesifieke begroting voor aan telers met die oog op:

- Bemarking en bevordering van ras
- Rasverbetering – genotipe en fenotipe
- Opleidingsprogramme
  - Telers, kommersiële boere ens.

SiTR het die reg om komitees saam te stel met spesifieke take

SiTR het die reg om persone/instansies te ko-opteer

# Genootskap se Raad / ExCo

- 2 Lede van Simmentalertelersraad en 2 Lede van Simbratelersraad
- Hanteer AJV – Doen verslag aan lede oor kantoor se werk verrigting en finansies
- President en Vise president wissel elke jaar Simmentaler/Simbra

(Verantwoordelik vir kantoor)

Simmentalertelersraad

Simbratelersraad

## Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap

- **Dienslewering aan lede** (As registrasie owerheid)
- **Stamboom rekordhouding**
  - **Volgens teelbeleid**
- **Prestasie toetsing, data verwerking, BLUP teelwaardes**
- **Finansies en Administrasie**
- **Keurings**
  - **Ko-ordineer tussen TA's en ander geakkrediteerde keurders**
- **Diens word teen 'n ekwivalente fooi aan beide rasse gelewer, en is slegs vir dienste soos bo vermeld.**
- **Kantoor rapporteer aan ExCo/Raad**

Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap

Dienslewering (as registrasie owerheid) – ander Genootskappe

- Brafords
- Wagyu
- Droughtmaster
- Ander…

Simmentaler en Simbra deel voordeel/verlies 50/50 uit die aktiwiteit

Genootskap se Raad / ExCo

Simmentalertelersraad

Simbratelersraad

Lede van die Genootskap

## Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap

**Dienslewering (as registrasie owerheid)**

## Bates en ander belange

**Alle bates en ander belange val onder die toesig en beheer van die Exco, en voordeel of verlies voortspruitend hieruit word 50/50 aangewend tussen Simmentaler en Simbra.**

**Genootskap se Raad / ExCo**


Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap
Dienslewering aan lede (As registrasie owerheid)
Stamboom rekordhouding
Volgens teelbeleid
Prestasie toetsing, data verwerking, BLUP teelwaardes
Finansies en Administrasie
Keurings
Ko-ordineer tussen TA's en ander geakkrediteerde keurders
Diens word teen 'n ekwivalente fooi aan beide rasse gelewer, en is slegs vir dienste soos bo vermeld.
Kantoor rapporteer aan ExCo/Raad
Bates en ander belange
Alle bates en ander belange val onder die toesig en beheer van die Exco, en voordeel of verlies voortspruitend hieruit word 50/50 aangewend tussen Simmentaler en Simbra.
Dienslewering (as registrasie owerheid) – ander Genootskappe
Braforde
Wagyu
Droughtmaster
Ander…
Simmentaler en Simbra deel voordeel/verlies 50/50 uit die aktiwiteit
Genootskap se Raad / ExCo
2 Lede van Simmentaler Bestuur en 2 Lede van Simbra Bestuur
Hanteer AJV – Doen verslag aan lede oor kantoor se werk verrigting en finansies
President en Vise president wissel elke jaar Simmentaler/Simbra
(Verantwoordelik vir kantoor)
Simmentalertelersraad
4 lede op die SiTR – 3 van RSA, 1 van Nam
Word verkies op telersvergadering
Lê ras spesifieke begroting voor aan telers met die oog op:
Bemarking en bevordering van ras
Rasverbetering – genotipe en fenotipe
Opleidingsprogramme
Telers, komm boere ens.
SiTR het die reg om komitees saam te stel met spesifieke take
SiTR het die reg om persone/instansies te ko-opteer
Simbratelersraad
4 lede op die SbTR – 3 van RSA, 1 van Nam
Word verkies op telersvergadering
Lê ras spesifieke begroting voor aan telers met die oog op:
Bemarking en bevordering van ras
Rasverbetering – genotipe en fenotipe
Opleidingsprogramme
Telers, komm boere ens.
SbTR het die reg om komitees saam te stel met spesifieke take
SbTR het die reg om persone/instansies te ko-opteer
Lede van die Genootskap
Simmentaler telers
Simbra telers